

Maandag

Ester 1:10 -13; 19,20; 2:1-3; 3:1 -7; 7:1-10 Teks 7: 9 b: "Toe sê die koning: "Hang hom daaraan op!" en 8: 16: "Vir die Jode was daar weer lig en vreugde en blydschap en 'n gevoel van eie waarde." Tema: God skep vir sy kinders eie waarde in sy raadsplan deur goddeloses se sonde én sy kinders se sonde en gehoorsaamheid. Ester is 'n openbaring van hoe God sorgsaam beskik oor sy kinders wat leef binne die tipe goddelose mag wat mense sien en in glo as "die lot" en "die onveranderlike wil en wetgewing" van absolute heersers. Goddeloses probeer met hulle absolute mag gelowiges van alle eie waarde stroop. God egter, gee aan sy kinders 'n eie waarde. Ester wys op 'n besondere wyse dat, al word God se Naam deur niemand een keer genoem in die magspel van mense nie, Hy alles wat hier gebeur só beskik dat Hy aan sy kinders hulle eie waarde gee. Daarom kom God se Naam nie een keer in die boek Ester voor nie, maar God wys in elke gebeurtenis hoe Hy beskik dat sy kinders hulle eie waarde behou. In Ester ontdek ons dat God sy raadsplan vir sy kinders nie net uitvoer deur hulle gehoorsaamheid aan Hom nie. God gebruik ook die sondes van goddeloses én die sondes van sy kinders om sy raadsplan uit te voer. Mense se sonde keer nie dat God vir sy kinders 'n eie plek, diens en waarde in hierdie wêreld gee nie. Daarom kan nie óf goddeloses óf gelowiges se sondes God se kinders se lot of waardeloosheid verseël nie. Nog minder moet sy kinders goeie werke doen om hulle sogenaamde "lot" te verander. God beskik deur mense se sonde én gehoorsaamheid sy kinders se waarde op aarde. Preek op mp3 en op skrif beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za ds. Petrus.

Dinsdag

Ester 1:10 -13; 19,20; 2:1-3; 3:1 -7; 7:1-10 God skep vir sy kinders eie waarde deur mense se sonde in sy raadsplan te gebruik. In Ester sien ons in die magsug en wellus van elkeen dat nie een van die betrokkenes reg optree of regverdig is nie. Ahasveros, as magsugtige vors reël 'n internasionale onthaal om sy mag te vertoon. 1:2-8. Hy drink hom dronk tydens hierdie onthaal en wil sy vrou (wat besig is om 'n internasionale vrouebanket tot sy eer te hou 1:9), halfnaak uitstal as 'n sekssimbool van sy mag. Sy weier. Die wêreldleiers van die Persiese Ryk adviseer die koning dan om van haar 'n voorbeeld vir ander vroue te maak en haar effektief te skei: Vroue in Persië móét hulle aan die absolute mag van mans onderwerp! Hulle skryf 'n skoonheidskompetisie uit om vir die koning 'n ander vroue "lyf" te kry wat sal doen wat hy sê. Mordegai wil mag in die koning se paleis hê en skryf sy broer se weeskind vir hierdie kompetisie in. Dis Ester. Sy aanvaar haar rol in hierdie magspel as sestiensjarige meisie, waarskynlik vir sekuriteit wat sy as weeskind nodig het. Nie een van die persone in hierdie gebeure is sondeloos of morele helde nie. Elkeen se sonde word sonder verskoning of regverdiging openlik beskryf. Sonder dat God se Naam genoem word, word geopenbaar dat God sy raadsplan uitvoer om vir sy kinders eie waarde te gee, anders as die verontmensliking wat elkeen van die betrokkenes met mekaar mee besig was. God beskik sy wil deur hulle sonde só te gebruik dat Hy vir Ester die magsugtige vors se hoofvrou in sy harem laat word om sy kinders (Israel) van 'n volksmoord te red. Só geskied sy raadsplan en nie die

betrokkenes se sondige planne vir mekaar nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za ds. Petrus

Woensdag

Ester 1:10 -13; 19,20; 2:1-3; 3:1 -7; 7:1-10; 8: 16. Ons gehoorsaam God omdat Hy God is en ons sy kinders is. Ons dien Hom nie om persoonlik bevoordeel te word nie. Mordegai as vreemdeling binne die Persiese Ryk onthul en voorkom 'n moordkomplot teen die koning deur twee verbitterde amptenare. Vir sy gehoorsaamheid aan God teenoor die koning word hy vergeet - dus nie persoonlik bevoordeel nie. 6:3 Hamman as die magtigste amptenaar van die koning beveel dat mense in aanbidding voor die koning sal kniel om hulle aanvaarding van die koning se absolute mag te demonstreer. In gehoorsaamheid aan God kniel Mordegai nie in aanbidding voor die magsvertoon van die Persiese koning nie. Sy gehoorsaamheid aan God veroorsaak 'n beplande volksmoord teen die hele volk van God. Ester het ook nie gepleit vir die nood van Israel tot haar persoonlike voordeel nie, maar juis met die werklike gevaar dat sy dood gemaak kon word net omdat sy die koning persoonlik genader het. 4:11. Hulle almal se gehoorsaamheid aan God gebruik God op sy tyd en vir die doel waarvoor Hy dit bestem. Mordegai se gehoorsaamheid gebruik God om Hamman van sy "goddelike" mag te stroop en hom te verneder. Hoe? Deurdat Hamman teen sy eie wense in, aan Mordegai (wat nie voor die mag van mense buig nie), die "goddelike" eerbetoon van mense móét laat betoon. Hoofstuk 6. God gebruik Ester se gehoorsaamheid om 'n wisselvallige en impulsiewe koning teen sy eie besluite en amptenare te draai om die Here se volk van 'n volksmoord te red. Hoofstuk 7. Ons waarde is dat God Homself deur ons gehoorsaamheid verheerlik. Gehoorsaamheid is nie ons manier om persoonlike voordele by God te kry nie. Preek op Google beskikbaar by ngkerklevubu.co.za ds. Petrus.

Donderdag

Ester 1:10 -13; 19,20; 2:1-3; 3:1 -7; 7:1-10; 8: 16. Sonder dat God se naam in die gebeure in Ester eenkeer genoem word, weet elke gelowige dat God het elke oomblik en elke insident beskik, op so wyse dat Hy sy volk versorg en bewaar om vir God 'n eie waarde te hê buite die mag van Persië. Die gewaande absolute mag van die koning met sy onveranderlike wette van Mede en Perse bepaal nie God se kinders se sogenaamde lot nie. Die wyse waarop God dit gedoen het, het Josef al in Genesis 50 verwoord oor die kwaad wat sy broers vir hom beplan het: "19 Moenie bang wees nie. Ek is nie God nie. 20 Julle wou my kwaad aandoen, maar God wou daarmee goed doen: Hy het gesorg dat 'n groot volk nou in die lewe gebly het." (Gen. 50: 19, 20) Ons het in ons eie land en gemeenskap eintlik al by die punt van 'n broeiende burgeroorlog gekom. Dit is wat in die plaasmoorde wys, die demonstrasie van die mag om 'n volksmoord af te bring, sonder dat die regering dit aanspreek vir wat dit is. Hierdie volksmoord is deel van die vernietiging van die hele gemeenskap deur die plundering van 'n roofsgtige regering. Hierdie volksmoord word ook gedroom deur sekere "wit" stedelinge wat in koffiewinkels die plase in die platteland

hulle slagveld wil maak en die landbouers se kinders die offers vir hulle waansin. Hierdie magsbeelde skep die wanbeeld dat ons enigste waarde is om geen eie waarde meer te hê nie. Uit die geloofskennis dat God binne die magspel van goddeloses vir ons 'n eie diens, plek en waarde skep, kan ons koers kry in al die verwarrende geestelikheid en politiekery wat om ons aan die gang is. God gebruik nie net ons eie gehoorsaamheid nie, maar ook die sonde waarmee goddeloses ons oënskynlik oorweldig, om vir ons uitkoms te skep. ds. Petrus.

Vrydag

Ester 1:10 -13; 19,20; 2:1-3; 3:1 -7; 7:1-10; 8: 16. Ons leef uit die geloofskennis en geloofsvertroue dat God sonde én gehoorsaamheid gebruik in sy raadsplan om vir ons 'n eie doel, eie plek, eie diens en waarde te gee. Daarom kan ons nie glo dat ons onself eers deur geestelike herlewings moet mobiliseer voor God vir ons uitkoms uit die moordlustigheid in ons land kan gee nie. God gebruik goddeloses se eie wandade teen hulle om sy kinders te beskerm. Ons raak ook nie beangs oor al die wetteloosheid van ons eie land se magselite nie. In hulle kwaad sien ons nie ons ondergang nie, maar God wat hulle in hulle absolute mag vasvang en vernietig. Ons buig ook nie voor Haman soos die geestelike leiers voor die mag van Afrika in 'n Afrika-romantiek buig nie. Ons sondes maak nie dat ons die moordlus van ons vyande verdien nie. Hulle sondes maak nie dat hulle ons lot kan verseël nie. Daarom sal ons nie buig voor "Haman" (die koning se amptenaar) nie, maar hom ook nie met klippe gooi nie; Daarom sal ons nooit die president se absolute mag glo of aanvaar nie, maar ook alle staatsgrepe teen hom verwerp en ontbloot as kriminaliteit; Daarom sal ons oorheersing kan "aanvaar", maar dit nooit as die kerk se versoening glo nie. Ons sal ons eie waarde net van God ontvang. Daarom sal ons nooit ons lot aanvaar in die moordlus en haat van ander nie, maar altyd ons waarde en reg, handhaaf en stel tot in die hoogste wetgewende vergaderings van die wêreld. Daarom sal ons nie voel ons moet eers ons eie vryheid in mag, wetgewing en verteenwoordiging kry, voor ons weer ons eie waarde vir God in hierdie land kan kry nie. Die HERE gee aan ons, ons eie waarde. ds. Petrus